Western Cape Government
Agriculture

VERWELKOMINGSGIDS

2016

ELSENBURG LANDBOU-OPLEIDINGSINSTITUUT

1.	**WELKOM**	**4**
2.	**NUTTIGE KONTAK INLIGTING**	**5**
3.	**ELSENBURG LANDBOU-OPLEIDINGSINSTITUUT**	**6**
3.1.	Inleiding	6
3.2.	Akademiese Oorbruggingsprogram	7
3.3.	Registrasie	7
3.4.	Akkommodasie	8
3.5.	Betaling van gelde	9
3.6.	Oriëntering	9
3.7.	Kansellasies	10
3.8.	Voorgeskrewe aantekeninge/boeke	10
3.9.	Parkering	10
3.10.	Biblioteek	10
3.11.	Internet en e-pos	10
4.	**PRAKTIESE INLIGTING**	**11**
4.1.	Verantwoordelikheid vir persoonlikevordering	11
4.2.	Akademiese reëls	11
4.3.	Fisieke veiligheid	11
4.4.	Versekering van persoonlike besittings	11
4.5.	Alkohol en dwelmmisbruik	11
4.6.	Seksualiteit	12
4.7.	Vandalisme	12
4.8.	Akademiese prestasie/studente-akkommodasie	12
4.9.	Kleredrag	12
4.10.	Klasbywoning	12
4.11.	Gedrag	12
4.12.	Algemeen	12
5.	**ONTSPANNING**	
5.1.	Studenteverenings	14
5.2.	Sport	14

ADDENDUM

Aanhangsel A – Korting op klasgelde aansoekvorm 15

Aanhangsel B – Betalingsvoorwaardes aansoekvorm 16
Aanhangsel C – Eerstejaarsgelde 2016 18
Aanhangsel D – Akademiese Oorbruggingskursus 26
Aanhangsel E – Oriënteringsprogram 28
Aanhangsel F – Uittreksels uit die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) 29

WOORD VAN VERWELKOMING VAN DIE HOOFDIREKTEUR

Dankie dat jy die Elsenburg Landbou-Opleidingsinstituut gekies het vir jou studies. Ons sien uit daarna om jou hier te verwelkom. Ons vertrou dat jou studiejare hier by die Instituut vir jou 'n onvergeetlike ervaring sal wees. By Elsenburg streef ons daarna om jou nie net 'n akademiese opleiding van hoogstaande gehalte te bied nie maar ook 'n unieke studentelewe.
Elsenburg het 'n trotse geskiedenis van die aanbied van uitmuntende opleiding van sy studente. Alhoewel ons ons geskiedenis koester, plaas ons ook 'n hoë premie op tydige aanpassing by veranderende omstandighede. Daarom word ons opvoedkundige programme geëvalueer en vind eksterne moderering van ons modules plaas.

Die verwesenliking van die bogenoemde ideaal is slegs moontlik as almal van ons (die Instituut, studente, ouers, kollegas en ander rolspelers) hande vat en saamwerk met hierdie gemeenskaplike doel voor oë. Ons moet dus 'n wedersyds bevredigende vennootskap ontwikkel. As ouers kan u 'n beduidende bydrae maak deur die aspekte wat hieronder genoem word indringend te bespreek met u seun/dogter voor hy/sy na Elsenburg vertrek. Dit is uiteindelik die mate van persoonlike verantwoordelikheid wat elke student aanvaar vir sy/haar optrede en gedrag wat sal bydra tot sy/haar fisiese en sielkundige welsyn.

Mnr Marius Paulse
Hoofdirekteur: Gestruktureerde Landbou-Onderrig en -Opleiding

2. NUTTIGE KONTAKBESONDERHEDE

2.1. Studente-administrasie afdeling

Kantoorure vir navrae: Maandae tot Vrydae 08:00 tot 16:30
Korrespondensie aangaande akademiese aangeleenthede nl studieverwante sake, beurse, ens, moet gerig word aan:

Hoof: Studentesake
Elsenburg Landbou-Opleidingsinstituut
Posbus 54
ELSENBURG
7607

Elsenburg webtuiste: www.elsenburg.com
Faksnommer: 021 884 4319

Kontakpersoon	Telefoonnommer	E-pos adres
Desiree Chinasamy-Dampies	021 808 5457	DesireeCD@elsenburg.com
Marilise Smith	021 808 7691	MariliseS@elsenburg.com
Liesl Hendricks	021 808 5453	LieslH@elsenburg.com
Elizabeth Everts	021 808 7652	ElizabethE@elsenburg.com

2.2. Koshuis

Kantoorure vir navrae: Maandae tot Vrydae, 08:00 tot 16:30

Korrespondensie insake Elsenburg koshuise moet gerig word aan:
Hoof: Koshuis
Elsenburg Landbou-Opleidingsinstituut
Posbus 54
ELSENBURG
7607

Elsenburg webtuiste: www.elsenburg.com
Faksnommer: 021 884 4319

Kontakpersoon	Telefoonnommer	E-pos adres
Laetitia Smith	021 808 5470	LaetitiaS@elsenburg.com
Mark Lukas	021 808 5470	MarkL@elsenburg.com

3. ELSENBURG LANDBOU-OPLEIDINGSINSTITUUT

3.1. Inleiding

Elsenburg se geskiedenis dateer terug na 1698, toe die grond aan Samuel Elsevier toegeken is deur Willem Adriaan van der Stel, destydse goewerneur van die Kaapkolonie. Die plaas se opeenvolgende eienaars, van wie Martin Melck waarskynlik die bekendste is, het dit opgebou tot een van die spogplase in die Kaap. Martin Melck het die pragtige ou herehuis in 1761 gebou. Die plaas is in 1898 deur die Myburgh familie aan die regering verkoop.

Op 1 September 1898 het die Landboukollege, die eerste van sy soort in Suid-Afrika, sy deure geopen. Vyf student het hulle diplomas aan die einde van die eerste akademiese jaar in Junie 1899 verwerf.Gedurende die eerste 14 jaar van die bestaan van die kollege was die gemiddelde aantal studente 44. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog was daar 'n drastiese vermindering in die getal aansoeke – slegs agt studente het in 1915 by die kollege gestudeer.

In 1926 het die Elsenburg Landboukollege en die Universiteit van Stellenbosch saamgesmelt. 'n Twee-jaar diplomakursus is toe by Elsenburg aangebied met as primêre doel om voornemende boere op te lei. In1927 is hierdie kursus vervang met 'n een-jaar kursus wat in 1931 deur praktiese kursusse vervang is. In 1939 is die twee-jaar diplomakursus heringestel. Elsenburg se 47-jaar lange verhouding met die universiteit is in 1973 verbreek en die Departement van Landbou het daarna die verantwoordelikheid vir landbou-opleiding by Elsenburg oorgeneem.

'n Belangrike mylpaal is in 1976 bereik met die instelling van die Diploma in Keldertegnologie. Baie van Suid-Afrika se huidige wynmakers het hulle landbou-opleiding by Elsenburg ontvang.

In 1994 het die transformasie na 'n demokratiese regering in Suid-Afrika plaasgevind. Die Departement van Landbou: Wes-Kaap is gestig en die Elsenburg en Kromme Rhee Landboukolleges het saamgesmelt. Die samesmelting het 'n groot verantwoordelikheid op die Departement van Landbou geplaas ten opsigte van die voortgesette aanbieding en uitbreiding van landbou-opleiding. 'n Sentrum vir Verdere Onderwys en Opleiding is derhalwe geskep om in die behoefte aan kort, praktiese kursusse te voldoen.

Die verhouding met die Universiteit van Stellenbosch is ook herstel en sedert 2004 bied Elsenburg 'n B.Agric program aan in samewerking met die Universiteit van Stellenbosch se Fakulteit Agriwetenskappe.

Hierdie ontwikkeling is in ooreenstemming met die regering se nuwe akademiese beleid wat ten doel het om groter beweeglikheid tussen opvoedkundige instellings vir tersiêre studente te verseker. Die duplisering van programme is ook uitgeskakel. Op 1 April 2004 is die Elsenburg Landboukollege herbenoem tot die Elsenburg Landbou-Opleidingsinstituut.

3.2. Akademiese Oorbruggingsprogram

Die Elsenburg Landbou-Opleidingsinstituut gaan 'n **verpligte** Akademiese Oorbruggingskursus aanbied vir **alle Eerstejaar Hoër Sertifikaat studente en B.Agric studente**. Dit sal op **11-19 Januarie 2015** aangebied word by die Elsenburg Landbou-Opleidingsinstituut. Verwys na **Aanhangsel D** vir verdere inligting.

3.3. Registrasie

Program	Datums	Tyd	Klasse begin
Alle B.Agric eerstejaarstudente	21 Januarie 2016	09:00 – 12:00	01 Februarie 2016
Alle Hoër Sertifikaat eerstejaarstudente	21 Januarie 2016	14:00-15:30	01 Februarie 2016
Alle Perdestudies eerstejaarstudente	21 Januarie 2016	14:00-15:30	01 Februarie 2016

Registrasielokaal: Lesingsale

Studente word aangemoedig om op die gepubliseerde datums vir klasse te registreer. Ongeag of jy 'n nuwe, voortgesette of hertoegelate student is, sal addisionele fooie op jou rekening gehef word as jy nie vir kursusse registreer teen die gepubliseerde registrasiedatums nie. Laat-registrasiegeld van R1158.00 sal by die gewone registrasiegeld gevoeg word.

Alle eerstejaarstudente moet die oorspronklike Kennisgewing van Uitslae en/of matrieksertifikaat en ID dokument voorlê. Fotokopieë van die oorspronklike dokumente sal by registrasie gemaak word. Geen student sal toegelaat word tensy die nodige dokumentasie voorgelê is nie.

Alle B.Agric studente moet die Nasionale Vaardigheidstoetse (NVT) voltooi het, wat in diskresionêre gevalle gebruik sal word om 'n ingeligte besluit te maak oor 'n individuele student se toelating, veral met betrekking tot toelating tot die Verlengde Graad-program of spesiale tutoriaalgroepe.

NB: As dit ten tyde van registrasie blyk dat 'n student nie aan die minimum toelatingsvereistes voldoen nie, sal hy/sy nie toegelaat word nie..

3.3.1. Minimum toelatingsvereistes: B.Agric Program

- 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) soos gesertifiseer deur Umalusi, met toelating vir baccalaureus-graad studies,
- 'n Gemiddelde van ten minste 55% (die vak Lewensoriëntasie word nie in aanmerking geneem by die berekening van die gemiddelde nie),

Benewens die algemene toelatingsvereistes, word die volgende vereis vir toelating tot die programme:

- 4 (50%) vir Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) **EN**
- 4 (50%) vir Wiskunde of 5 (60%) vir Wiskundige Geletterdheid **EN**
- 4 (50%) vir Fisiese Wetenskappe **OF**
- 4 (50%) vir Lewenswetenskappe **OF**
- 4 (50%) vir Landbouwetenskappe

PLUS een van die onderstaande vakke soos deur die Instituut aanbeveel, ook op 4

- Besigheidstudies
- Dramatiese Kunste
- Ekonomie
- Aardrykskunde
- Geskiedenis
- Godsdiensstudie
- Inligtingstegnologie
- Ingenieursgrafika en -ontwerp
- Musiek
- Rekeningkunde
- Tale (een taal van leer en onderrig aan 'n hoër onderwysinstelling en twee ander erkende taalvakke)
- Verbruikerstudie
- Visuele Kuns

Lewensoriëntering tel nie as 'n toelatingsvak vir die BAgric Graad program nie.

3.3.2. Minimum toelatingsvereistes: Hoër Sertifikaat program

- 3 (40%) vir Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionle Taal) **EN**
- 3 (40%) vir Wiskunde of 4 (50%) vir Wiskundige Geletterdheid **EN**
- 3 (40%) vir Fisiese Wetenskappe **OF**
- 3 (40%) vir Lewenswetenskappe **OF**
- 3 (40%) vir Landbouwetenskappe

PLUS een van die onderstaande vakke soos deur die Instituut aanbeveel, ook op 3

- Besigheidstudies
- Dramatiese Kunste
- Ekonomie
- Aardrykskunde
- Geskiedenis
- Godsdiensstudie
- Inligtingstegnologie
- Ingenieursgrafika en -ontwerp
- Musiek
- Rekeningkunde
- Tale (een taal van leer en onderrig aan 'n hoër onderwysinstelling en twee ander erkende taalvakke)
- Verbruikerstudie
- Visuele Kuns

Lewensoriëntering tel nie as 'n toelatingsvak vir die Hoër Sertifikaat program nie.

3.4. Akkommodasie

Na voltooiing van registrasie moet alle inwonende studente aanmeld by die koshuis vir die toewysing van hulle kamers.Die onus is op die student om voor registrasie te verseker dat hy/sy 'n plek in die koshuis gekry het.

Koshuisakkommodasie is onderworpe aan bevredigende akademiese prestasie. Studente wat onderpresteer en wat nie al hulle vakke slaag nie, sal hulle huisvesting in die koshuis verbeur. Geen uitsonderings sal gemaak word nie. Neem asseblief kennis van die reëls vir koshuistoelating wat beskikbaar gestel sal word by registrasie.

3.5. Betaling van Gelde

Jaarlikse studiegelde kan betaal word deur een van die volgende twee betalingsopsies:

Opsie 1:Volle betaling van alle gelde vir die betrokke akademiese jaar Slegs indien alle studie- en verwante gelde vir die akademiese jaar by registrasie (of binne 30 dae na registrasie behalwe vir die registrasiegeld wat betaalbaar is op die dag van registrasie) betaal word, kan 'n aansoek vir 'n 3% korting op onderriggelde (slegs vak/modules gelde) gerig word aan die Skuldadministrasie-afdeling. Aansoekvorm aangeheg as **Aanhangsel A.**
Opsie 2: Semester betalings (twee betalings per akademiese jaar) **Eerste betaling by registrasie in Januarie** - alle gelde van toepassing op die eerste semester is betaalbaar op die dag van registrasie (of binne 30 dae na registrasie behalwe vir die registrasiegeld betaalbaar op die dag van registrasie) as 'n minimum betalingsvereiste.. **Tweede betaling op of voor 31 Julie -** Alle gelde van toepassing op die tweede semester.

Alle studente/ouers moet **Aanhangsel B** voltooi en voor registrasie terugbesorg aan Anastasia Jansen per faks op 086 590 5622 of per e-pos by AnastasiaJ@elsenburg.com

Indien die registrasiegeld om enige rede nie betaal kan word op die dag van registrasie nie, moet vooraf skriftelike goedkeuring van die Direkteur: Hoër Onderwys en Opleiding verkry word ten einde met die registrasieproses te kan voortgaan.

Verwys asseblief na **Aanhangsel C** vir 'n uiteensetting van die 2016 koste vir eerstejaarstudente.

3.6. Oriëntering

Die bestuur van die Elsenburg Landbou-Opleidingsinstituut is gekant teen, en verbied, enige vorm van inisiasie. Daar is 'n akademiese oriëntasie-, studenteskakeling- en eerstejaarsprogram wat vir die tydperk **21-29 Januarie 2016** beplan word. (Verwys na **Aanhangsel E.**) Hierdie programme bevat geen aktiwiteite wat as inisiasie beskou kan word nie. Die wyse waarop eerstejaarstudente behandel word is onderworpe aan die Handves van Regte soos vervat in die Grondwet (Wet 108 van 1996). Die doel van die verwelkoming is die volgende:

- Om eerstejaarstudente in te lyf in die proses van akademiese kursusse, samestelling van kursusse, en registrasie
- Om eerstejaarstudente voor te berei vir die akademiese, sport, kulturele en sosiale programme by die Elsenburg Landbou-Opleidingsinstituut
- Om eerstejaarstudente bekend te stel aan die georganiseerde studente- en koshuislewe by die Elsenburg Landbou-Opleidingsinstituut

Deelname aan die akademiese oriënteringsprogram is verpligtend, maar deelname aan die studenteskakeling- en eerstejaarsprogram is vrywillig.

Die opening van die akademiese jaar sal op **22 Januarie 2016** in die **Percheron-saal** plaasvind om **09:00**. Bywoning is verpligtend vir alle geregistreerde eerstejaarstudente. Ouers word ook uitgenooi om die openingseremonie by te woon.

Neem asseblief kennis van die uittreksels uit die Grondwet van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996) wat van toepassing is op alle studente, met spesiale verwysing na eerstejaarstudente by hulle verwelkomingsfunksie. **(Aanhangsel F)**

3.7. Kansellasies

In gevalle waar 'n student die kollege verlaat sonder om sy/haar studieprogram te voltooi, moet die Direkteur: HOO skriftelik in kennis gestel word daarvan asook van die rede(s) vir die staking van die studie. Die skriftelike kennisgewing van staking van studies moet ingehandig word by die Studente-administrasiekantoor. Die Studente-administrasiekantoor sal die koshuis en Finansieskantoor in kennis stel van sodanige staking.

Indien die skriftelike kennisgewing van staking van studies geen datum van staking aandui nie, sal die datum van ontvangs van die kennisgewing gebruik word vir doeleindes van die berekening van die uitstaande bedrag.

Enige student wat sy/haar studies staak **na 31 Maart in die eerste semester** OF **na 30 Augustus in die tweede semester** van die akademiese jaar waarvoor hy/sy geregistreer het, sal ook aanspreeklik wees vir die volle studiegelde vir enige eerste semester of tweede semester modules waarvoor hy/sy geregistreer het.

Die moontlike terugbetaling van enige bedrag berus by die kollege.

3.8. Voorgeskrewe aantekeninge/boeke

Voorgeskrewe aantekeninge en handboeke sal beskikbaar wees by die vakdosente. Meeste van die aantekeninge is ingesluit by die kursusgelde.

3.9. Parkering

Geen voertuig mag op kampus aangehou word sonder vooraf toestemming nie. Voertuie word aangehou en geparkeer op die eienaar se risiko. Studente wat private motorvoertuie wil parkeer op ELOI terrein moet aansoek doen vir toestemming op die dag van registrasie. Registrasie van 'n voertuig is 'n voorvereiste vir parkering op ELOI terrein maar waarborg nie 'n parkeerplek nie.

3.10. Biblioteek

Die biblioteek is geleë op die eerste vloer van die koshuisgebou, net bokant die eetsaal. Dit is 'n spesiale biblioteek, met die fokus op landbou en sy verwante terreine. Die biblioteek is oop gedurende normale werksure van 08:00-16:30 en op Dinsdae tot Donderdae tot 20:30 (slegs gedurende die kollege kwartaal). 'n Volledig-gerekenariseerde biblioteek katalogus van boeke, artikels, tydskrifte, volledige-teks dokumente ens, is beskikbaar en is toeganklik via die biblioteekbladsy op die studentebediener. Biblioteekpersoneel sal studente bystaan met literatuur- navorsing vir werkstukke indien verlang. Studente mag boeke uitneem vir twee weke op 'n slag. Die biblioteek beskik oor fotokopiërings-, drukker- en skanderingsfasiliteite. Rekenaars en studiehokkies is beskikbaar vir studentegebruik.

3.11. Internet en e-pos

By inskrywing en nadat 'n internetgebruikersfooi betaal is, ontvang studente 'n gebuiker-ID en 'n toegangskode. Hierdie inligting is ook 'n vereiste om toegang te verkry tot die internet gebruik word. Daar is ookrekenaarlokale beskikbaar wat gebruik kan word vir individuele studie of groepsprojekte.

4. PRAKTIESE INLIGTING

4.1. Verantwoordelikheid vir persoonlike vordering

Op tersiêre onderwysvlak word heelwat meer studie van studente vereis as op sekondêre/hoërskoolvlak. **Hierdie feit kan nie genoeg beklemtoon word nie**. Daar word van studente verwag om volle verantwoordelikheid vir hulle studies te neem. Ons sal probeer om die mees gunstige studie-omgewing moontlik te skep. Dosente tree bloot as fasiliteerders van die leerproses op en is nie die enigste bron van inligting nie.

Die Bestuur en dosente by Elsenburg neem elke student se bevredigende vordering baie ernstig op. Studente wat probleme met hulle studies ervaar moet dit aan die betrokke dosent of die fakulteitsbestuurder rapporteer sodat hulle die nodige steun kan ontvang. Studente word aangemoedig om gebruik te maak van hierdie diens.

4.2 Akademiese Reëls

Studente moet ten volle vertroud wees met die akademiese reëls van die Instituut asook die vereistes vir hertoelating. Die akademiese reëls sal aan alle studente verskaf word by registrasie.Daar word van alle studente verwag om te alle tye hierdie reëls na te kom om ons hoë standaarde te verseker en in stand te hou. Dit is ook raadsaam dat ouers hulleself met hierdie reëls vertroud moet maak.

4.3 Fisiese Veiligheid

Alhoewel die Elsenburg kampus as 'n veilige kampus beskou word en alle voorsorgmaatreëls geneem word om die fisiese veiligheid van elke student te verseker, word nuwe studente aangeraai om hulself met die veiligheidsreëls en regulasies vertroud te maak. Studente moet te alle tye waaksaam wees en sal ingelig word aangaande die maatreëls wat hulle moet tref om hulle eie veiligheid en dié van hul besittings te verseker.

4.4 Versekering van persoonlike besittings

NB: Ouers is verantwoordelik vir die versekering van studente se persoonlike besittings teen brand of diefstal. Die Instituut kan nie verantwoordelikheid aanvaar vir enige verliese nie. Dit is die student se verantwoordelikheid om die veiligheid van sy/haar besittings te verseker.

4.5 Alkohol en dwelmmisbruik

Elsenburg erken elke student se reg om alkohol verstandig en binne die bepalings van die reg en die reëls van die Instituut te gebruik. Dit is nietemin 'n wereldwye tendens dat die jeug, waaronder studente, dikwels skuldig is aan die ernstige misbruik van alkohol en uit ondervinding weet ons dat dit verreikende implikasies kan hê vir jong mense. Ouers word aangeraai om die verantwoordelike gebruik van alkohol te bespreek en om teen dwelmafhanklikheid te waarsku. Die reëls van die Instituut sal streng toegepas word teen oortreders en ons sal nie huiwer om sulke ongewenste elementeuit die studentegemeenskap te verwyder nie.

4.6 Seksualiteit

Daar word van elke Elsenburg student verwag om hoë morele standaarde te handhaaf. Jy is ongetwyfeld bewus van die gevare van MIV/Vigs en ander seksueel-oordraagbare siektes. Ouers, dit sal waardeer word as julle jul seuns/dogters sal inlig oor die noodsaaklikheid van verantwoordelike gedrag in hierdie verband.

4.7 Vandalisme

Elsenburg is trots op die unieke studie-omgewing wat dit aan sy studente bied. Na gelang fondse beskikbaar word, word fasiliteite aanhoudend uitgebrei om meer studente te akkommodeer. Fondse is egter uiters beperk en die koste verbonde aan die bou en instandhouding van infrastruktuur is geweldig hoog. Derhalwe sal geen vandalisme of vernielsug deur enige student geduld word nie, aangesien dit op sy beurt 'n negatiewe impak het op studiekoste wat van studenteverhaal word. Studente/ouers sal aanspreeklik gehou word vir enige skade aan kollege-eiendom en die koste sal by die student se rekening gevoeg word.

4.8 Akademiese prestasie/Studente-akkommodasie

Studente-akkommodasie is onderhewig aan suksesvolle akademiese prestasie.Studente wat onderpresteer sal sodanige akkommodasie verbeur. Studente sal skriftelik van sulke veranderings in kennis gestel word. Studente sal 'n erkenning van enige veranderings wat in klasse aangekondig word moet onderteken. Nie-bywoning van klasse sal nie as verskoning vir onkunde ten opsigte van veranderinge beskou word nie.

4.9 Kleredrag

Daar word van studente verwag om te alle tye netjies en paslik geklee te wees. Kaalvoete word nie toegelaat in klasse of tydens praktika nie. Die dra van oorpakke en rubberstewels is verpligtend tydens sekere praktiese klasse.

4.10 Klasbywoning

Die uiters swak bywoning van studente by lesings het die toepassing van strenger maatreëls nodig gemaak teen studente wat afwesig is sonder 'n redelike verskoning. Die Instituut se bestuur het die reg om studente te belet om eksamens te skryf as hulle nie 'n bevredigende klasbywoningrekord het nie.

4.11 Gedrag

Enige swak gedrag deur studente gedurende hulle studietermyn by die Instituut, hetsy op of weg van die kampus, sal in 'n ernstige lig beskou word en kan lei tot dissiplinêre optrede en, in sommige gevalle, onmiddellike skorsing.

4.12 Algemeen

Die Elsenburg studentegemeenskap is 'n diverse groep waar studente van verskillende rasse, kulture, tale en agtergronde byeenkom. Ons streef daarna om harmonie te verseker binne

hierdie diverse gemeenskap. Dit is dus uiters belangrik dat almal verbind is tot hierdie strewe.

As elke student by Elsenburg bereid is om verantwoordelikheid te aanvaar en bewus is van die potensiële kwessies wat hulle gedurende hulle studiejare en in die volwasse wêreld sal ervaar, sal dit ons vennootskap met ons studente aansienlik versterk.

Ons bedank jou opreg vir jou samewerking ten opsigte van die voorgaande sake. Ouers, wees gerus dat u kind se vordering van die uiterste belang is vir ons. U is welkom om die Kantoor vir Studentesake of die Koshuis te kontak as u enige verdere navrae het.

5. ONTSPANNING

5.1 Studenteverenigings

Die funksievan die Studenteraad (SR) is om die studente se stem te wees in verband met studentesake en belange (akademies, finansieël, residensieel, sport, ens) en om voorstelle aan Elsenburg se bestuur te maak.

Elsenburg studente het 'n liefde en passie vir landbou wat oorspoel na hulle studies, sport en kulturele aktiwiteite.

5.2 Sport

Elsenburg Rugby

Elsenburg maak deel uit van die Stellenbosch Koshuisliga, die *Paul Sauer Beker.* Die *Beker* bestaan uit van vier ligas en Elsenburg speel in die1ste, 3de en 4de ligas. Ons rugbyspanne vaar uiters goed teen die kompetisie.

Ons rugbyspelers kry ook die geleentheid om deel te neem aan die jaarlikse PANNAR toernooi waartydens agt van die land se top landboukolleges teen mekaar wedywer. Die PANNNAR Rugbyweek word gekenmerk deur harde, eerlike spel, goeie spangees en wedersydse respek. Elsenburg het 'n trotse rekord in hierdie toernooi en het die beker 35 keer gewen in die 40 toernooie wat al plaasgevind het.

Die Boergondiese Uitruilprogram bied ook aan die rugbyspan die voorreg om elke twee jaar na Frankryk te reis.

Elsenburg Sokker

Elsenburg maak deel uit van die Stellenbosch Koshuisliga wat bestaan uit 'n 1ste en 2de liga, asook 'n damesliga. Elsenburg het 'n mans- en 'n damespan in die liga.

Daar is verskeie toernooie waaraan sokkerspanne kan deelneem, nl die Eerstejaarstoernooi endie Seniorstoernooi. Elsenburg neem ook deel aan die jaarlikse NASCO Beker.

Elsenburg Netbal en Gholf

Elsenburg het 'n passie vir netbal en die span neem deel aan die Stellenbosch Koshuisliga, wat uit drie ligas bestaan.

Daar is 'n verskeidenheid van toernooie waaraan die dames deelneem. Daar is 'n Eerstejaarstoernooi, Openingstoernooi en, later in die jaar, die Hantie du Toit Beker. Die dames neem ook deel aan die jaarlikse NASCO sportweek.

Die gholfspan neem ook deel aan die jaarlikse PANNAR toernooi. Net soos met rugby die geval is, neem die land se top landboukolleges deel aan hierdie toernooi.
Soos uit die bogenoemde gesien kan word, het Elsenburg studente 'n passie en trots vir hulle sport. Dit is ook belangrik om die hoofdoel van deelname aan sport te onthou – om dit te geniet.

Western Cape Government
Agriculture

ANNEXURE A

AANSOEK OM 3% KORTING

Indien studiegelde vir die betrokke jaar van registrasie ten volle betaal word **OP OF VOOR 28 FEBRUARIE**, sal n korting van 3% op studiegelde toegestaan word.

U word vriendelik versoek om die onderstaande vorm volledig te voltooi en terug te stuur aan die Departement van Landbou, Studente-administrasie, Privaatsak X1, Elsenburg 7607 vir aandag van Me D Chinasamy-Dampies, tel: 021 808 5457, faks: 021 884 4319.

Naam van applikant	
Student se Naam	
Student se Nommer	
Totale studiegelde betaal vir akademiese jaar	**R**
Datum van Betaling	

VIR KANTOORGEBRUIK		
Studiegelde betaalbaar bevestig	**Datum van betaling bevestig en bedrag bereken**	**Korting betaalbaar**
R	**Datum** **Bedrag:**	**Goedgekeur / Nie Goedgekeur**
_____ **D. Chinasamy-Dampies** **Hoofklerk: Administrasie**	_____ **M. Fryer** **Assisent Direkteur** **Skuldadministrasie**	_____ **M. van Aswegen** **Bestuurder** **Finansiële rekeninge**

Western Cape Government
Agriculture

AANHANGSEL B

BETALINGSVOORWAARDES

Die student en sy/haar ouer(s) of voogde moet hierdie ooreenkoms onderteken ongeag of die student 18 is of nie.

1. Student se besonderhede

Van en voorletters

ID nommer

2. Kies die betaalopsie wat verkies word

2.1 Volle vereffening van alle studiekoste vir die jaar (3% korting op vakke/modules) ☐
(Betaalbaar by registrasie of binne 30 dae na registrasie)

2.2 Verreffening per semester ☐
(Eerste paaiement betaalbaar by registrasie en tweede paaiement op 31 Julie)

2.3 Departementele beurs ☐
(Goedkeuringsbrief moet op dag van registrasie voorgelê word)

2.4 Private beurs ☐
(Beurskennisgewingsbrief moet voor registrasie voorgelê word)

3. Die student

By ondertekening van hierdie dokument, onderneem en stem ek, die student, toe:

3.1 Om alle registrasie-, onderrig-, klas-, koshuis- en enige ander gelde soos uiteengesit in die Studentegelde-boekie te betaal sowel as enige regskoste wat die Wes-Kaapse Departement van Landbou mag aangaan as gevolg van die verhaal van uitstaande bedrae.

3.2 Om alle rente op agterstallige rekeninge te betaal teen 'n koers soos deur die Minister van Finansies van tyd tot tyd bepaal mag word soos gestipuleer in artikel 80 van die Wet op die Bestuur van Openbare Finansies, Wet 1 van 1999. Alle bedrae wat aan die regering verskuldig is, is betaalbaar binne 30 dae nadat die bedrag opeisbaar word, waarna rente op alle uitstaande bedrae gehef sal word tot datum van finale vereffening.

3.3 Dat die kollege geregtig is om my toelating tot die eksamens te weier, my eksamenuitslae te weerhou, registrasie vir enige verdere kursusse te weier, of my diploma-/graadsertifikaat te weerhou indien my rekening nie ten volle vereffen is nie (insluitende enige rente wat

opgeloop het ten opsigte van agterstallige bedrae) of soos ooreengekom soos hierbo uiteengesit.

Handtekening van student: _____ _____ Datum

4. Die ouers / voog

Die volgende is van toepassing op die ouer(s)/voog van die Student:

4.1 Deur hierdie ooreenkoms te onderteken aanvaar u aanspreeklikheid as borg en mede-hoofskuldenaar vir die skuld van die student. Dit beteken dat die Wes-Kaapse Department van Landbou u persoonlik verantwoordelik kan hou vir enige bedrag deur die student aan die Departement verskuldig, ongeag of die student met u toestemming opgetree het toe die skuld aangegaan is of nie.

4.2 Ingeval die student 'n minderjarige is ten tyde van die ondertekening van hierdie ooreenkoms, stem u toe tot die ooreenkoms tussen die student en die Department van Landbou en spesifiek tot die bepalings in klousules 1 tot 3 hierbo. U verleen hiermee uitdruklike ratifikasie vir die ooreenkoms wat deur die student hierbo aangegaan is.

